higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Tweede vraestel)

(9090154)

22 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

294Q2B2022

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N4
(Tweede vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

1.1.1 Reaksievorming

1.1.2 Identifikasie

1.1.3 Homeostase

1.1.4 Motivering

1.1.5 Sublimering

1.1.6 Fantasie

1.1.7 Biologiese motivering

1.1.8 Sosiale motivering

1.1.9 Rasionalisering

1.1.10 Verplasing

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die onbewuste vooroordele van 'n gesondheidsbeampte kan skadelik vir pasiënte wees.

1.2.2 Alle menslike optrede is op instink gebaseer.

1.2.3 Behoeftes is motiverende faktore.

1.2.4 Ons basiese behoeftes is hoofsaaklik sielkundig van aard.

1.2.5 Gedrag kan deur verwagtings gemotiveer word.

1.2.6 Statiese homeostase is 'n ingewikkelde aangeleerde reaksie.

1.2.7 Dinamiese homeostase kom voor wanneer ewewig deur bewuste pogings herstel word.

1.2.8 Ondervindings wat ons vergeet het kan steeds ons gedrag later in ons lewe beïnvloed.

Kopiereg voorbehou

1.2.9 Die menslike liggaam is bedoel om fisiologies onaktief te wees.

1. 2.10 Ons bereik die finale vlak van Maslow se hiërargie deur nabootsing.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Wat is *nabootsing*? (1 × 2) (2)

2.2 Verduidelik elk van die volgende bewustheidsvlakke:

2.2.1 Bewus

2.2.2 Onderbewus

2.2.3 Onbewus

(3 × 2) (6)

2.3 Gebruik dors as 'n voorbeeld om te verduidelik hoe biologiese faktore menslike gedrag motiveer. (7 × 1) (7)

2.4 Waarom is dit nodig dat pasiënte moet voel dat hulle mediese personeel kan vertrou? (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem VIER sosiale faktore wat menslike gedrag motiveer. (4)

3.2 Gee VIER sielkundige faktore wat menslike gedrag motiveer. (4)

3.3 Teken 'n Hiërargie van Behoeftes-diagram gebaseer op Maslow se teorie, en sluit elk van die behoeftes uit die lys hier onder op die korrekte vlak van die hiërargie in.

vertroue; slaap; finansiële sekuriteit; persoonlike groei; asemhaling; vriendskap; gerespekteer te voel

(7)

3.4 Verduidelik die rol van nabootsing by die ontwikkeling van gesonde gedrag. (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Gee VIER voorbeelde van fisiologiese motiewe. (4)

4.2 Verduidelik elk van die volgende soorte konflik:

4.2.1 Nadering-naderingskonflik

4.2.2 Nadering-vermydingskonflik

(2 × 2) (4)

4.3 Noem maniere waarop sosiale media tot stres in die moderne alledaagse lewe bydra. (7 × 1) (7)

4.4 Verduidelik of die pad na selfaktualisering dieselfde vir almal behoort te wees. (5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 5

5.1 Gee DRIE voorbeelde van ongewone stressors. (3)

5.2 Noem VYF basiese beginsels wat by die hantering van mense onthou moet word. (5)

5.3 Verduidelik hoe Maslow se Hiërargie van Behoeftes aangewend kan word om jou in jou eie lewe te help. (7 × 1) (7)

5.4 Beskryf die uitwerking wat die onbewuste by die motivering van menslike gedrag het. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou